**Dinsdag 14 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 25:9, 40; 40:16; Hebreërs 8:5**
**Fokusgedeelte: Eksodus 25:9 (AFR83)**
**Ons dien die Here soos Hý dit wil**

Op die berg, in die teenwoordigheid van die heilige God, ontvang Moses verskeie opdragte, waaronder die opdrag om ’n heiligdom *presies* op te rig volgens die ontwerp van God Self. Elke klein detail is deur die Here Self bepaal.

Hoekom laat die Here die ontwerp nie oor aan die vakmanne onder die volk nie. Die antwoord kry ons in Hebreërs 8:5 waar ons lees dat die tabernakel juis ’n *“skadubeeld van die hemelse”* sou wees. Daarom moes Moses alles maak *presies* soos die Here dit voorgeskryf het!

Maar hulle sou in die simboliek ook iets sien van *hoe om in die hemel te kom*. Iets van die manier hoe mens naby God kom: daarvoor moet jy deur die *poort van die voorhof* met sy veelkleurige borduurwerk (wat op Christus dui), verby die *altaar* (wat na Golgota wys), verby die *waskom* (wat op die reiniging deur Christus wys). En so ook deur die Heilige met die *kandelaar* en die *toonbrode* en die *wierook*, verby die *voorhangsel* ... om tot by die *verbondsark* in die Allerheiligste te kom waar God se troonsetel is.

En so sal al hierdie dinge wys op die pad na die hemelse troonkamer van God, die pad wat net deur Christus gaan (Joh. 14:6).

Wie dus tot God wil nader, kan dit net doen op die terme wat die Here daarvoor in sy eie wil en mag bepaal het. Deur Christus alleen is redding en verlossing moontlik. En wie dan in ’n verhouding met God wil lewe, moet weet dat dit ook slegs en presies volgens sy Woord kan wees – of ons nou praat oor die gebed, of die erediens, of die prediking, of die sakramente, of ons hele lewe met sy gewoontes – alles moet plaasvind presies na die eise van die Een groot Argitek van die verbond.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)*